

Hou kop!

Hou jou hele gesin warm met dié vrolike musse!
Ons dui by elke patroon die breidraad aan wat ons gebruik het, maar jy kan enige oorskiët dubbelbreidraad gebruik om jou eie unieke hooftooisels te skep

WENKE

- As jy met rondbreinaalde brei, brei jy elke ry regs vir 'n koussteeffek. As jy dus vir teksuur in sekere rye die aweregs-kant aan buitekant van mus wil hê, moet jy daardie ry aweregs brei.
- Merk begin van elke ry duidelik. Dis baie belangrik, veral by stywe mussies, sodat die vermindering op presies die regte plekke begin.

ALGEMENE BENODIGDHEDE

- 1 paar 3,5 mm-rondbreine;
- 1 paar 4,00 mm-rondbreine

AFKORTINGS

Sien algemene lys op bl. 91.

STANDAARDPATROON

Met 3,5 mm-Ne, stel 110 ste op

(26 ste op 1 N en 28 ste op elk van die vlg 3 Ne) en brei 10 rye ks (of 10 rye rif).

Slaan oor na 4,00 mm-Ne en brei 34 rye ks.

Vorming: Vermin telkens 11 ste eweredig oor elke vermin-ry soos beskryf.

Vlg ry: (r8, brei ste 9 en 10 saam) herh tot einde = 99 ste. Brei vlg 3 rye.

Vlg ry: (r7 ste, brei ste 8 en 9 saam) herh tot einde = 88 ste. Brei vlg 3 rye.

Vlg ry: (r6, brei ste 7 en 8 saam) herh tot einde = 77 ste.

Brei vlg ry, en elke daaropvlg alt ry ná elke vermin-ry.

Vlg vermin-ry: (r5, brei ste 6 en 7 saam) herh tot einde = 66 ste.

Vlg vermin-ry: (r4, brei ste 5 en 6 saam) herh tot einde = 55 ste.

Vlg vermin-ry: (r3, brei ste 4 en 5 saam) herh tot einde = 44 ste.

Vlg vermin-ry: (r2, brei ste 3 en 4 saam) herh tot einde = 33 ste.

Vlg vermin-ry: (r1, brei ste 2 en 3 saam) herh tot einde = 22 ste.

Vlg vermin-ry: brei oor hele ry telkens 2tes = 11 ste.

Brei nog een ry. Knip breidraad af en trek draad met stomppunt-

naald deur oorbl 11 ste. Werk stewig vas aan binnekant van mus.

Daniel se bont mussie BENODIGDHEDE

Stukkies breidraad elk van Pingouin Family Knit DK, tamatie-rooi (kleurnr. 39); marine (15); sonskyngel (57); appelgroen (28); Pingouin Classic DK mosgroen (87); Sirdar Snuggly Fair Isle Effect DK (96).

MAAK SÓ

Stel 110 vir kinders (120 vir volwassenes) ste op met 3,5 mm-Ne en enige van die kleure. Brei 10 rye enkelrif. Slaan oor na 4,00 mm-Ne en brei 42(50) rye ks in pat vlgs dia op bl. 80. Brei nog 3 rye ks net in 1 kleur, heg af. Werk in ster-pat vas. Sien skets op bl. 80.

Flappe vir kindermussie (brei 2):

Stel 1 st op met hoofkleur van jou keuse vir flap. Vermeer dié st tot 2 in 1e ry, r1 ry. Brei voort in reksteek (brei dus elke ry r). *Vermeer 1 st aan weersk van vlg ry, r1 ry*; herh van * tot * tot 14 ste. Gaan voort om 1 st aan weersk van elke 2e ry te vermeer tot 24 ste. Terselfdertyd in vlg ry, begin met kontraskleur van jou keuse, deur middelste 2 ste van dié ry met kontraskleur te brei. Brei vlgs dia hoofkleur in reksteek en kontras in ks. Slaan oor na 2e kontraskleur: brei 4 rye rs en nog 4 rye ks. Heg af en werk aan rif van mussie vas. Draai vir elke flap 'n koordjie en maak 'n tossel om onderaan vas te werk. Sien sketse op bl. 80.

Michelle se sagte blou mus

BENODIGDHEDE

1 bol elk



Pingouin Panache Mohair, out-remer lurex, (kleurnr. 01) en Pingouin Prestige Accent, waltz (02).

MAAK SÓ

Brei volgens diagram soos vir Daniel se bont mus, maar wissel net bogenoemde 2 kleure met mekaar af.

Kindermussie met bont gereedskap BENODIGDHEDE

1 bol Pingouin Classic DK denim (kleurnr. 54).

MAAK SÓ

Stel 100 ste op met 3,5 mm-Ne en brei 10 rye enkelrif. Slaan oor na 4,00 mm-Ne en brei 46 rye ks. Heg af. Werk soos platnaat teen mekaar vas, maar trek breidraad styf soos jy werk om plooi te vorm. Werk vrolike knope of prettige speelgoedgereedskap oral op die mus vas.

Ian se mus met swart en wit strepe BENODIGDHEDE

1 bol elk van Pingouin 100% Suiwer Wol DK swart (kleurnr. 09, A) en roomwit (01, B).

MAAK SÓ

Brei soos standaardmus, met 1e 10 rye in enkelrif.

Strepe: Stel ste op met A en brei 4 rye met A, dan 2 rye B.

Herh dié kleurvolgorde vir die hele mus.

Puntmus met maan en sterre BENODIGDHEDE

Stukkies breidraad van

Pingouin Family Knit DK marine (kleurnr. 15); Pingouin Classic DK coelacanth (52); denim (54); sagte turkoois (152); Pingouin Prestige Accent DK waltz (02). Geel vilt en geel borduurgare.

MAAK SÓ

Stel 104 ste op met 3,5 mm-Ne en brei 10 d-rif. Slaan oor na 4,00 mm-Ne en brei 40 rye ks. Breek sowat 50 cm-stukkies van die verskillende kleure breidraad af en knoop dit in kleurvolgorde van jou keuse aanmekaar. Die kort stukkies breidraad gee 'n geskakeerde effek aan die mus. Brei los punte aan agterkant in indien verkies of laat dit net so los hang.

Knip mane en sterre uit vilt en werk met komberssteek aan mus vas. Maak 'n tossel van al die kleure waarmee mus gebrei is en werk aan punt van mus vas.

Groen mus met pienk bobbels BENODIGDHEDE

1 bol elk van Pingouin Classic DK olyf (kleurnr. 79, A) en Pingouin Family Knit DK ligroos (53, B).

AFKORTING

mb – maak bobbel: met B, vermeer 3 in vlg st deur 1 voor, 1 agter, 1 voor in dié st te brei. Draai, r3, draai, aw3, draai r3, draai, glip1, aw2tes, trek glipst oor.

MAAK SÓ

Stel 120 ste op met 3,50 mm-Ne en brei 10 rye d-rif. Slaan oor na 4,00 mm-Ne.

****Aw 2 rye, r vlg 2 rye.**

Vlg ry: *r5, mb*; herh van * tot * tot einde.

Brei 3 rye r.

r2, *mb, r5*; herh van * tot * tot einde.

Brei 2 rye r.**

Herh nóg 2 keer van ** tot **.

Brei 2 rye aw.

Vorming: vlg ry: r met B en begin vermin soos vir standaardmus, maar onthou omdat jy 120 ste het, word hier 12 ste per ry vermin i.p.v. 11.

Aw 2 rye met B, sonder om te vermin.

Slaan oor na A en r vlg ry terwyl jy vermin.

Aw 2 rye met A.

Herh patroon soos nou vasgestel, d.w.s. wissel 2 kleure af en vermin net in elke r-ry op pat van standaardmus.

Vermin tot 24 ste oorbly, knip draad af en trek met stomppuntaald deur oorbl ste. Trek styf en werk punt van draad stewig aan agterkant vas.

Cara se harlekynmussie BENODIGDHEDE

Pingouin Family Knit DK koningsblou (kleurnr. 08); sonskyngeel (57); tamatierooi (39); appelgroen (28); Pingouin Classic, DK, sagte turkoois (152); 2 klokies.

MAAK SÓ

Stel 106 ste op en brei 10 rye rif met 3,5 mm-Ne. Slaan oor na 4,00 mm-Ne en brei voort in ks en strepe van jou keuse (ons het elke streep 3 rye lank gebrei) tot altesame 40 rye ks.

Vermin 1 st aan beg van ry, brei vlg (152) ste, draai om en aw terug. Vermin nou op dié helfte 1 st aan weersk van elke r-ry tot 4 ste oorbly. Hou terselfdertyd vol met strepe. Heg af.

Herh van * tot * met oorbl (153) ste. Dop om en werk nate van punte aan VK vas.

Dop om en werk klokies vas.

Ian se mus met groen strepe BENODIGDHEDE

Stukkies breidraad van Pingouin Classic DK sagte turkoois (kleurnr. 152); saliegroen (71); Pingouin Family Knit DK appelgroen (28); Pingouin Prestige Georgia canard (01).

MAAK SÓ

Soos standaardpat.

Brei 1e 10 rye ks met enige van die breidraad, behalwe die Prestige Georgia. Brei nog 4 rye in dié kleur nadat jy oorgeslaan het na 4 mm-Ne. Brei strepe in volgorde van jou keuse, en maak dit verskillende breedtes. Om 'n interessante tekstuur te verkry met die Prestige Georgia, brei 1e ry van dié steep r, en elke ry daarna aw. Brei weer r wanneer jy met vlg kleur begin.

